JERIGO MURE GEBEDSDAGBOEK FEBRUARIE 2008

Vrydag 1 Februarie 2008

Suid-Afrikaners kom huistoe

Die *Homecoming Revolution* probeer om meer Suid-Afrikaners terug te lok huistoe uit Londen. Hulle bied byvoorbeeld werksgeleenthede aan deur middel van uitstallings. Omtrent 1 100 mense het hierdie uitstalling verlede jaar bygewoon. Omtrent 34 bekende maatskappye soek vir sekere vaardighede en nooi Suid-Afrikaners terug na hulle land op lang- of korttermyn basis. (Webruimte: http://business.iafrica.com/transcripts/609949.htm). Bid asseblief dat God Sy wil aan elke persoon sal openbaar wat 'n besluit moet neem om of weg te gaan of terug te kom na Suid-Afrika. Vra dat die geleenthede en voordele wat aangebied word, nagekom sal word en vir eerbaarheid in elke aanstelling.

***Nasionale Dag van Verootmoediging* oor aborsie**

Op 1 Februarie 1997 is aborsie op aanvraag in Suid-Afrika gewettig. Die 1ste Februarie is die 11de herdenking van die wettiging van aborsie op aanvraag in Suid-Afrika. Die doel met hierdie dag van verootmoediging is om predikers in Suid-Afrika aan te moedig om te preek oor wat die Bybel leer oor die onderwerp van aborsie. Daar word ook gehoop dat baie Christene 1 Februarie sal gedenk as 'n *Nasionale Dag van Verootmoediging* oor die nasionale sonde van aborsie. Wil jy dit nie oorweeg om jou gemeente te mobiliseer om hierdie Sondag oor die saak te bid nie? Daar is meer as 36 000 gemeentes en 30 000 leraars in Suid-Afrika. Die Bybel roep ons tot belydenis van sonde met die belofte van 'n God wat vergewe en gebed beantwoord; ...e*n my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel* (**2Kron.7:14**). Laat ons God aanroep oor die kwessie van aborsie in ons land. (*Africa Christian Action,* Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021-689 4481, faks: 021-685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Saterdag 2 Februarie 2008

SA op voorpunt met wetenskap

Suid-Afrika is aan die voorpunt met navorsing oor die sogenaamde skoon steenkool tegnologie, wat daarop gemik is om die hoë volume van kweekhuis-gasse wat uitgestraal word deur kragstasies, te verminder. Die *Suid-Afrikaanse Nasionale Energie Navorsingsinstituut* het bekendgemaak dat die land se hoë-kwaliteit steenkool uitgeput is en dat daar gevolglik meer omgewing-skadelike, laer-graad steenkool gebruik word deur die land se kragstasies. Suid-Afrika neem tans leiding as 'n land wat skoon steenkool tegnologie ondersoek. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/493884.htm). Dank die Here vir pogings om goeie rentmeesters te wees van die omgewing. Bid asseblief vir hierdie en ander projekte en dat Suid-Afrika sal voortgaan om internasionaal grond te breek op die gebied van die wetenskap en so ons rol as goeie rentmeesters vervul.

Irannese Christene smeek vir Bybels

International Antioch Ministries (IAM) rapporteer dat die aanvraag vir Bybels en Nuwe Testamente deur Christene groter as ooit tevore is. Versoeke vir Bybels in die Irannese taal, veral vir nuwe gelowiges, word daagliks ontvang. Volgens *IAM* groei die getal Christene in Iran vinnig. Ramings varieer van 500 000 tot so hoog as 1 miljoen. Selfs al is dit onwettig om Bybels in Iran te druk en te versprei, neem die aanvraag vir die evangelie geweldig toe. (Intercessors Network, Lars Widerberg, Storskiftesgatan 87, S-58334, Linkoping, Swede. E-pos: IntercessorsNetwork@Comhem.se). Prys die Here vir hierdie honger na Sy Woord! Bid vir voorsiening en dat elke Bybel die nuwe gelowiges sal bereik. Hou aan om te bid vir die geestelike groei van nuwe gelowiges in Iran.

Sondag 3 Februarie 2008

Algehele oorgawe

"Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!". 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val (**Luk.22:42-44**).

Jesus het baie dinge op die aarde gedoen, maar die hoof rede waarom Hy gekom het, was *om te sterf.* Soos Jesus het elkeen van ons 'n beker wat die Vader vir ons gee, soos met Jesus, sal die Vader ons ook versterk om hierdie beker te drink. Hierdie jaar is nog 'n geleentheid vir jou en my om diep te drink uit die beker wat die Vader vir ons voorbestem het. Dit mag beteken dat ons benoudheid sal ondervind. Laat ons dan Jesus se voorbeeld volg en ernstiger bid en deurdruk totdat ons taak afgehandel is. Is jy gewillig om te drink van die beker wat die Vader vir jou gee vir die res van 2008? Wees verseker in die wete, Hy sal jou ook die krag gee om uit te hou.

Vader, ons wil van 2008 sê; nie ons wil nie maar laat U wil geskied. Versterk ons om te voltooi dit wat U in ons lewens begin het. Maak ons gewillig en bekwaam om staande te bly in ons uur van toetsing (**Ef.6:10,13**). Gee ons 'n gees van wysheid en openbaring van U wil en doel met ons lewens. Laat ons die hoogte, die wydte en die diepte van U liefde ken in elke situasie wat ons vanjaar mag ondervind.

Maandag 4 Februarie 2008

Tersiêre instellings open

Tersiêre studente sal binnekort terugkeer na kampusse dwarsoor die land. Baie nuwe studente sal met hulle studies begin. Ander sal vir korttermyn kursusse oor die Internet of die pos, inskryf. Laat ons bid dat hulle hierdie jaar getrou met hulle studies sal wees, vir vrede op kampusse en dat baie hulle leerplan suksesvol sal voltooi. Bid vir God se seën oor elke dosent, hoof van 'n departement en kanselier van elke tersiêre instelling in Suid-Afrika.

MP3 spelers mag die stetoskoop vervang

MP3 spelers en opnemers bespeur sommige asemhalingsklanke beter as die tradisionele stetoskoop en kan in die toekoms die stetoskoop vervang. Met die beter kwaliteit klank van MP3 spelers/opnemers kan sommige kliniese klanke beter gehoor word en selfs opgeneem en op rekenaars gestoor word. Deur 'n mikrofoon direk teen die borskas te plaas, was die navorsers in staat om 'n hele reeks asemhalings klanke met verskillende patrone, op te neem. Stetoskope dateer amper 200 jaar terug. Volgens die navorsers word selfs moderne, digitale stetoskope oortref deur MP3 spelers.
(Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=31&art_id=nw20070918091758599C480010&newslett=1&em=177813a6a20070918ah). Dank die Here dat Hy sulke tegnologie aan geneeshere openbaar! Vra dat hierdie verbeterde tegnologie dokters sal help om in die toekoms beter diagnoses te maak, veral aan die minderbevoorregtes.

Dinsdag 5 Februarie 2008

Veediefstal bedreig voedselverskaffing

Volgens die *Forum vir Nasionale Veediefstal*, het veediefstal die afgelope jaar R327 676 500 beloop. Veediefstal vernietig nie net die waardevolle genetiese materiaal nie, maar bedreig ook die sekuriteit van die land se voedselbron, wat weer veroorsaak dat die land se rooivleis nywerheid nie meer internasionaal kompeterend is nie. Dit het ook 'n negatiewe invloed op die wolnywerheid. 'n Oplossing vir hierdie probleem sal 'n groot bydrae maak sodat die land selfversorgend kan wees. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/658063.htm). Bid asseblief dat mense sal besef dit is verkeerd om te neem wat aan iemand anders behoort. Vra ook dat die diewe gevang sal word en dat die vee in alle gevalle terug gevind sal word.

Massa uittog uit Myanmar
Lang toue jongmense wag elke dag voor die paspoortkantoor in die middestad van Yangon (Myanmar). Hulle hoop om daardie waardevolle reisdokument te kry, sodat hulle in 'n vreemde land 'n toekoms kan vind. Daar is 'n toenemende aanvraag vir werkers in ontwikkelende Midde-Oosterse lande. Hierdie jongmense is dan later dikwels gestrand in 'n vreemde land of word uitgebuit deur gewetenlose agente en werkgewers of word geteister deur plaaslike owerhede. Ongelukkig word hulle ook geïgnoreer deur die plaaslike Christen gemeenskappe, wat die geleentheid sou kon gebruik het om liefde aan hulle te bewys deur te help in hulle fisiese, emosionele en geestelike behoeftes. Bid dat God hierdie jongmense sal beskerm. Vra dat Hy Homself aan hulle sal openbaar terwyl hulle in vreemde en dikwels vyandige omstandighede is. Bid dat plaaslike gemeentes hierdie jongmense in hulle midde sal bedien. (Pray for Myanmar, e-pos: pray.for.myanmar@ntlworld.com).

Woensdag 6 Februarie 2008
Hoe om vir geestelike leiers te bid
In **Romeine 15:30-31** lees ons waar Paulus skryf: *Stry saam met my deur vir my te bid dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.* Daar is daaglikse, volgehoue gebed vir geestelike leiers nodig. Geestelike leiers staan in die brandpunt en leef onder baie geestelike druk en ook aanvalle van die Bose. Deur gebed moet ons 'n "gebedskild" om ons geestelike leiers vorm. Voorbidding vra opoffering. Dit is 'n langtermyn onderneming. Dit is nie 'n "ek doen dit wanneer ek lus is of tyd het" ding nie. Dit is letterlik om vir die geestelike werker in die bres te tree, 'n geestelike buffer te wees, om deur gebed geestelike verantwoordelikheid te aanvaar, om sensitief vir die influistering van die Heilige Gees te wees. Moenie jou wil op geestelike leiers afbid nie. Bid vir die totale persoon van die geestelike werker: sy werk, gesondheid, huwelik, gesin.

Praktiese riglyne vir doelgerigte en effektiewe voorbidding
1. Die huweliksband is van die allergrootste belang. Bid vir die totale huweliksverhouding. Bid dat: (a) die man sy vrou sal liefhê soos Christus die gemeente liefhet, (b) dat die vrou in alles aan die man onderdanig sal wees soos wat die gemeente aan Christus onderdanig is en (c) dat die kinders aan hulle ouers gehoorsaam en ook godvresend sal wees.
2. Bid vir die kinders - dat hulle genoeg liefde en aandag sal kry en vir die ouers vir wysheid om die kinders reg op te voed. Bid spesifiek vir 'n vertrouensverhouding tussen veral pa en seun, pa en dogter. Bid dat die pa geloofwaardig sal lewe sodat die kinders nie teen God in opstand sal kom nie.
3. **Vir hulle gesondheid.** Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is (that you may enjoy good health - NIV) (**3Joh.2**). Bid ook **Ps.91** oor hulle lewens en gesinne.
4. **Vir die geestelike werker se geestes- en gemoedstoestand.** Die klimaat, aanvalle van die Bose, werksomstandighede, voortdurende kritiek, min sigbare vordering, misverstande, ens. is alles faktore wat senuspanning, terneergedruktheid, moegheid en moedeloosheid by die geestelike werker kan veroorsaak. *Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing* (**2Tim.1:7**). *Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie en julle moet nie bang wees nie* (**Joh.14:27**). Bid dat die geestelike werker sal weier om na enige beskuldigings van die duiwel teenoor 'n medegelowige te luister (**Sag.7:10b**). Deur agterdog te saai teenoor gelowige broeders/susters of 'n medewerker, kan groot skade aan die werk van die Here gedoen word.
5. **Dat die geestelike werker se hart met die liefde van God vervul sal wees.** Bid dat hy/sy die liefde van Christus teenoor sy/haar medewerkers sal kan toon. Dit is soms baie moeiliker om 'n medewerker wat saam met jou woon, of wat saam met jou werk en van wie daar nie wegkomkans is nie, lief te hê, as die ongelowiges en/of gemeentelede met wie jy slegs vir 'n gedeelte van die dag te doen het. *Want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het* (**Rom.5:5**).

(Vervolg 13 Februarie. Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle

gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en gedupliseer word).

Donderdag 7 Februarie 2008

Bid vir die veiligheid van mynwerkers

Die afgelope ses maande was daar talle berigte in die pers oor mynwerkers wat of vasgekeer is of dood is as gevolg van ongelukke in Suid-Afrika se myne. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/664629.htm). Sommige mynwerkers werk so diep as 3 000 meter ondergronds. Bid asseblief dat die Here die lewens sal bewaar van die mynwerkers wat in sulke gevaarlike omstandighede werk. Bid vir die talle mynwerkers in ons land wat in fisies uitputtende omstandighede moet werk. Vra dat hulle met die evangelie bereik sal word en vir die Here se beskerming oor hulle huwelik- en gesinsverhoudings.

Habitat for Humanity

Siddiquin in Suid-Libanon het 'n bevolking van ongeveer 5 000. Feitlik elke huis is op een of ander manier beskadig gedurende Israel se oorlog met Libanon in 2006 en ander is heeltemal vernietig. *Habitat for Humanity* wou reageer op die vernietiging en nadat opnames gemaak is in 'n aantal dorpies in die suide, het *Rebuilding Lebanon, the Disaster Response Project*, ontstaan. *Habitat,* in vennootskap met ander organisasies en in samewerking met die plaaslike munisipaliteite gee skenkings van $50 tot $5 000 om die mense te help om hulle huise te herbou. (*Habitat for Humanity International Africa/Middle East*, Posbus 11179, Pretoria, 0028. Tel.: 012-430 9200, faks: 012-342 0765. Webruimte: http://www.habitat.org/ame/ of e-pos: info@habitatame.org.za). *Habitat for Humanity* is ook aktief in Suid-Afrika. Dank die Here dat soveel lewens deur hierdie Christelike inisiatief geraak word. Hou aan om te bid dat hulle werk sal voortgaan en dat baie gemeenskappe aangeraak sal word.

Vrydag 8 Februarie 2008

Kinderverkragter tot 192 jaar gevonnis

'n Pedofiel wat skuldig bevind is, is in die *Johannesburgse Hooggeregshof* tot 192 jaar gevonnis. Die man is voorheen skuldig bevind aan die verkragting van agt minderjarige kinders. Die hof het beveel dat hy in die gevangenis sal bly vir 39 jaar. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/612146.htm). Dank die Here vir deurbrake soos hierdie. Hou aan om te bid dat booswigte gevang, skuldig bevind en gevonnis sal word. Vra ook dat daardie mense 'n openbaring van Jesus sal kry en sal wegdraai van hulle bose weë en Hom sal volg.

***Ethne* onbereikte mense projek: Wes- en Sentraal-Afrika**

Daar is 24 lande in Wes- en Sentraal-Afrika met meer as 500 oorblywende mins bereikte mense groepe. Senegal, Mali, Guinee, Gambië, Mauritanië en Niger is voor met meer as 80% van die bevolking onbereik. Islam was vir baie eeue die godsdiens van die elite en die hoofmanne. In hierdie gebied word die 5 pilare van Islam beoefen saam met die animistiese tradisionele praktyke. Bid dat gelowiges in die krag van die Heilige Gees sal wandel in oorwinning oor alle demoniese depressie, oorheersing en enige soort aanval en dat hulle sal demonstreer dat Jesus werklik die Koning van konings en Here van here op die aarde en in die hemel is. Vra vir spoedige deurbrake vir die evangelie onder die mins-bereikte mense in hierdie gebied. (Webruimte: http://www.ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php of e-pos: ethne06@ethne.net).

Saterdag 9 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Bid vir Christen gesinne, dat hulle die gesinsaltaar sal herstel en sal bou deur gereeld saam te bid. Ons vra dat die Here die harte van kinders sal aanraak met geloof om te bid vir hulle eie en ander se behoeftes.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid vir elke koördineerder en persoon wat verantwoordelik is om gebed te organiseer vir die *Wêrelddag van Gebed* in Afrika. Verskeie mense het verlede jaar in die gevangenis beland as gevolg van hulle pogings. Bid asseblief dat gebedsbyeenkomste sal plaasvind ten spyte van teenstand.
2. Regverdige Vader (**Joh.17:25**), ons lig **Afrika** op voor U in gebed. Sien asseblief U kinders raak wat as gevolg van vervolging ly, veral in **Egipte, Soedan, noordelike Nigerië en die Comore-eilande.** Openbaar Uself aan hierdie Christene as die Vader van ontferming en die God wat in alle omstandighede moed gee, sodat hulle ook ander kan bemoedig met die bemoediging wat hulle van U ontvang het (**2Kor.1:3-4**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 10 Februarie 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 1: Hy kom na dié wat wag

Net voor Jesus terug gegaan het hemel toe, het Hy die apostels opdrag gegee om nie Jerusalem te verlaat nie, maar om te wag vir die Belofte van die Vader wat hulle van Hom gehoor het (**Hand.1:4**). Hy het gesê hulle sal met die Heilige Gees gedoop word, nie lank na daardie dae nie (**Hand.1:5**). Dit moes vir hulle moeilik gewees het om te verstaan wat Hy bedoel het, want hulle het tot op daardie tydstip die gemeenskap met Jesus geken. Hulle het geen begrip gehad van wat dit beteken om met die Heilige Gees gedoop te word nie. Tog het hulle teen daardie tyd geweet dat hulle Jesus moet vertrou, dat Hy sal doen wat Hy gesê het. Vir hulle was die 'doen' om te 'wag'. Christene wil baie dinge vir God doen. Die moeilikste deel van die Christelike lewe is wanneer ons 'n tydperk ingaan wanneer God ons aansê om op Hom te 'wag'. Ons weet dikwels nie hoe lank so 'n periode sal wees nie, maar as dit 'n omvattende tyd is, is ons grootste versoeking om iets te begin 'doen' voordat die 'wag' tyd verby is en God se prentjie/plan voltooi is. Weet jy hoe om op die Heilige Gees te wag? Het jy al ooit 'n spesiale aanraking van God op jou lewe ervaar soos die dissipels in Handelinge? Vertrou jy die Vader om jou lewe aan te raak met Sy Heilige Gees soos Jesus se dissipels destyds? Wil jy nie vandag tyd maak om alleen met God te wees nie? Dis nie nodig dat ons Hom smeek om ons aan te raak nie of met ons te praat nie, Hy wil ons aanraak en met ons praat, selfs meer as wat ons dit begeer. Vra Hom om jou lewe elke dag te vul.

Vader, ons bid, help ons om op U te wag totdat U kom om ons te bekragtig om te doen wat U wil hê ons moet doen.

Maandag 11 Februarie 2008

SA op voorpunt van wit-boortjie misdaad

Suid-Afrika het die hoogste getal maatskappye in die wêreld wat getref word deur ekonomiese misdaad. Wanbesteding van bates, geldwassery, omkoop en bedrog, kom die meeste voor. Na raming het Suid-Afrika meer as R600 miljoen verloor as gevolg van ekonomiese misdaad gedurende die afgelope twee jaar. Die redes wat aangevoer word vir hierdie soort misdaad in Suid-Afrika is onder meer finansiële aansporing (60%), duur lewenswyse (44%) en loopbaan teleurstellings (11%). Omtrent 76% van die skuldiges is manlik en 36% het tersiêre opleiding of gevorderde grade.
(Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A588074). Roep asseblief tot God oor hierdie toestand, dat die mense wat by hierdie misdade betrokke is hulle dwaasheid sal besef, sal wegdraai van hulle bose weë en hulle lewens aan God sal toewy as die oplossing vir hulle probleme.

Selektiewe aborsies eis tol in Indië

Vrese vir 'n bevolkingskrisis is besig om in Indië te styg nadat jare van aborsies van vroulike fetusse, die balans van die bevolkings versteur het. Die *U.N.Population Fund* berig dat die tekort aan vroue 'n toename in seksuele geweld en misbruik van kinders tot gevolg kan hê. Volgens die *Verenigde Nasies* word 'n geraamde 2 000 ongebore dogtertjies elke dag onwettig in Indië geaborteer. (Webruimte: http://www.zenit.org/article-20523?l=english). Roep God aan oor hierdie toestand in Indië. Vra dat God die harte van moeders wat aborsie oorweeg sal aanraak. Bid ook dat hierdie land se mense die Here sal vind en volg.

Dinsdag 12 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die werk van die *Jerusalem House of Prayer* in Israel, onder leiding van Tom Hess. Vra vir hulle beskerming, vir guns en dat die bediening sal groei. Hulle het 'n groot netwerk wat dag en nag gebed wêreldwyd in baie lande mobiliseer en koördineer.
- Bid dat groepe gelowiges sal uitreik na die motorwagte in ons parkeerterreine. Dat hulle geduldig na hulle stories sal luister, deernis sal bewys en hulle met eenvoudige gebed bedien, sonder veroordeling.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid asseblief vir guns in die mobilisering van jong leiers om deel te word van die *Wêrelddag van Gebed.* Vra dat die Here die harte van miljoene jongmense sal aanraak met 'n ywer om te bid soos nooit te vore nie. Bid dat hierdie geslag jongmense God se aangesig sal soek totdat Hy kom en Sy geregtigheid en genade na die aarde bring.
2. Almagtige Here (**Gen.15:2,8**), ons lig **Afrika** op voor U troon van genade. Openbaar Uself as die bron van ewige saligheid (**Heb.5:9**) in **Algerië, Angola, Benin, Botswana, die Britse Indiese Oseaan gebied, Burkina Faso en Burundi.** Versag die harte van die mense en trek hulle na U toe. (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 13 Februarie 2008

Hoe om vir geestelike leiers te bid (Vervolg van 6 Februarie)

Die aanslag teen geestelike werkers kom veral op die volgende maniere na vore:

- Daar is direkte demoniese aanvalle teen geestelike leiers en hulle gesinne; deur bv. sataniste, spiritiste, toordokters ens.
- Daar is direkte *versoekings en sonde* waarteen die geestelike werker moet stry.
- Geestelike werkers leef oor die algemeen onder baie *groot stres.* Daar is groot emosionele en sosiale druk op geestelike werkers.
- Elke geestelike werker het 'n *bepaalde persoonlikheid en* kom uit 'n bepaalde *agtergrond.* Baie geestelike werkers sit ook met emosionele pyn en seerkry uit die verlede. Onverwerkte seerkry uit die verlede in die geestelike werker se lewe, is een van die teikens waarop die duiwel konsentreer.

Praktiese riglyne vir doelgerigte en effektiewe voorbidding

1. **Bid dat die geestelike werker nederig sal wees en dat sy lewe rein en heilig sal wees.** Bid dat hy/sy nie enige bewuste, onbelyde sonde in sy lewe sal vertroetel nie. Bid ook dat hy/sy nie hoogmoedig sal word vanweë enige geestelike kennis waaroor hy mag beskik nie en dat hy/sy 'n dienskneg-gestalte sal kan openbaar soos wat God dit van hom verwag. Bid veral dat die geestelike werker nie 'n kritiese of siniese gees sal openbaar nie, want dit doen die werk van die Here ontsaglike skade aan.

2. **Bid dat God self die geestelike werkers sal toerus vir hulle taak**. Dit is slegs wanneer die geestelike werkers met die Heilige Gees vervul is, dat daar enige blywende geestelike vrug kan wees. Bid vir hulle vir die vervulling en ook die salwing met die Heilige Gees sodat hulle die werk effektief kan doen. Vra vir hulle vir wysheid en onderskeidingsvermoë om die werk op 'n geestelike wyse te doen. Bid dat hulle sal verstaan wat die wil van die Here in elke situasie is. Vra vir wysheid en geduld om moeilike mense en omstandighede te hanteer. Bid dat hulle God se wil vir elke situasie sal verstaan. Vra dat die Here vir hulle vrymoedigheid sal gee om die Woord te verkondig en dat die Heilige Gees ook vir hulle die regte woorde sal gee om te verkondig.
3. **Bid vir die nodige lewensmiddele en finansies**. Bid vir die beskerming van hulle aardse besittings. Bid teen diefstal en ongelukke.

(Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe.

Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 14 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat God Sy Gees van gebed en smeking sal uitstort oor elke huis van gebed oral in die wêreld (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag en volharding, vir eenheid onder leiers, guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing en vir die nodige fondse en perseel vir elke huis van gebed om hulle werk te kan voortsit.
- Vra die Here om getroue gebedstryders op te rig wat sal volhard in gebed oor sake van nasionale belang bv. aborsie, korrupsie, homoseksualiteit, ens. soos wat dit in die nuus gereflekteer word, maar ook pro-aktief soos die Heilige Gees lei.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Mense in meer as 200 lande wêreldwyd sal vir 10 dae van 1-10 Mei dag en nag bid. Hulle sal bid vir die kerk (plaaslike gemeentes), gemeenskappe (stede en dorpe), die lande waarin hulle woon en ook vir die hele wêreld. Daar is riglyne beskikbaar om gemeentes en gemeenskappe vir hierdie tyd van gebed te mobiliseer. Bid asseblief vir die doeltreffende verspreiding van videos en gedrukte materiaal oor die wêreld. Die meeste hiervan is in 30 tale beskikbaar, maar baie ander vertalings is nog nodig.
2. Herder en Bewaker van ons lewe (**1Pet.2:24-25**), ons bring **Afrika** voor U troon. Openbaar U Seun aan die mense van **Kameroen, Kaap-Verdiese Eilande, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Tsjad, Comore-eilande, Kongo en die Ivoorkus,** as die Een wat hulle sonde in Sy liggaam aan die kruis gedra het sodat hulle vir die sonde dood kan wees en in gehoorsaamheid aan Hom kan lewe (**1Pet.2:24-25)**. (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 15 Februarie 2008

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* in die land werk. Vra vir hulle veiligheid, krag en gesondheid. Bid ook dat God in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Ons het gedurende die afgelope paar maande probleme ondervind met die druk en pos van die *Jerigo Mure Gebedsgidse*. Bid asseblief dat hierdie proses hierdie maand vlot sal verloop aangesien die volgende *Jerigo Mure* 15 Maart gepos moet word. Vra dat elke boekie betyds sy bestemming sal bereik en dat nie een koevert of pakkie verlore sal gaan nie. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk,* Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012-365 3213, faks: 012-365 3214. Webruimte: www.jwipn.com en e-pos: info@jwipn.com).

Precept Ministries SA

Meer as 100 kerkleiers, pastore en studente het die onlangse *How to Study the Bible* werkswinkel wat in Kenia gehou is, bygewoon. God is besig om op ongelooflike wyse in Afrika te werk en die mense is honger vir Sy Woord. Bid asseblief vir die *Precept Ministries* span wanneer hulle terugkeer na Kenia om nog meer mense op te lei om die Bybel met begrip te bestudeer en hulle te help om self die waarheid te ontdek. *Precept Ministries* is 'n bediening wat deur die Here opgerig is om mense toe te rus om Sy Woord te bestudeer. (*Precept Ministries SA,* Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021-531 1836, e-pos: info@precept.org.za).

Saterdag 16 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).

- Laat ons dag en nag bid dat die Here mense sal oprig met die hart om te bid vir die gestremdes, blindes, dowes, ens. Dat hulle hierdie mense gereeld sal besoek, leer ken en na hulle sal uitreik in gebed - die evangelie aan hulle sal bring en hulle sal leer om in gebed op God te vertrou.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid dat Christene in geslote lande ook vanjaar die geleentheid sal hê om die *Wêrelddag van Gebed* te vier. Vra dat die Here manne en vroue sal oprig wat hierdie gebedsbyeenkomste sal organiseer, selfs al is dit klein, sodat elke plek op die aarde gedek sal wees deur gebed op 11 Mei.
2. Ons Hemelse Vader (**Matt.6:9**) ons bring **Afrika** voor U troon. Mag U Naam geheilig word deur die mense van **die Demokratiese Republiek van die Kongo, Djiboeti, Egipte, Ekwatoriaal-Guinee, Eritrea, Ethiopië en Gaboen.** Laat U koninkryk kom, laat U wil ook hier geskied net soos in die hemel. Verlos hulle van die Bose en leer hulle om dié wat teen hulle sondig te vergewe, sodat U hulle sonde ook kan vergewe (**Matt.6:9-15**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 17 Februarie 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 2: Hy raak mense aan met tekens wat lei tot kerk planting

Toe die Heilige Gees uitgestort is, het mense in ander tale (bekende tale) gepraat soos die Heilige Gees aan hulle gegee het om uit te spreek (**Hand.2:4**). Daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgedrom en was verward, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal praat (**Hand.2:5-6**). Aanvanklik, wanneer God iets nuuts doen, kan dit ontstellend wees, selfs vir toegewyde manne en vroue van God. Tog is dit belangrik dat ons so sterk gevestig sal wees in ons verhouding met God dat ons in staat sal wees om te onderskei wanneer dit 'n bo-natuurlike besoek van God is, of nie. In hierdie geval is die kerk gestig na 'n kragtige preek van Petrus en 3 000 mense is bygevoeg.

Wanneer laas het jy gepreek of iemand hoor preek en 3 000 mense het Christus aangeneem? Dit is onmoontlik vir mense, maar nie onmoontlik vir God wanneer Hy Sy Gees uitstort nie! In die laaste dae is dit nodig dat ons wag totdat ons krag ontvang, sodat God se werk gedoen kan word in minder tyd, met minder inspanning, met minder smeking, oortuiging en soebat van mense om saam te werk of om weg te draai van hulle weë en Christus te volg. Ons het dringend nodig dat God se Heilige Gees ons in hierdie geslag besoek sodat duisende in Sy koninkryk kan inkom. Het jy geloof dat dit vandag net so kan gebeur soos destyds? Bid en vas jy dat dit moet gebeur? Nie net vir jou eie behoeftes nie, maar ook vir die miljoene in die wêreld wat nie die Lewende God ken nie? Maak vandag tyd om jou honger en dors aan God bekend te maak en vra dat Hy jou vandag met Sy Heilige Gees en met vuur sal doop.

Vader, ek verneder myself voor U. Ek is desperaat vir die vervulling met U Heilige Gees, wat die krag van die evangelie sal vrystel, wat duisende mense in U koninkryk sal inbring.

Maandag 18 Februarie 2008

Movement for African National Initiatives (MANI) Southern Africa 2008 Consultation

Bid asseblief vir die *MANI Southern Africa 2008 Consultation* wat van 18 tot 22 Februarie in Johannesburg gehou word. Hierdie betekenisvolle (katalitiese) geleentheid is 'n samekoms van 300 hoëvlak leiers in afvaardigings uit 13 Suider-Afrika en Portugees-sprekende lande, saam met leiers uit die vasteland en die wêreld. Hulle sal strategieë formuleer oor hoe om die liggaam van Christus te mobiliseer om die mins-geëvangeliseerde gemeenskappe in hulle lande te bereik en om mense uit Afrika op sendinguitreike na die wêreld te stuur. Bid dat elke afgevaardigde 'n diep aanraking van God sal beleef en vir die versterking van nasionale inisiatiewe in elke land. (MANI, Privaatsak X09, suite 168, Weltevreden Park, 1715. Kontak dr Dean Carlson, tel.: 011-794 8003 of mnr. Peter Tarantal tel.: 012-807 0161).

Thailand verslag
Die Suid-Afrikaanse sendelinge in Thailand dank die Here vir die goeie bywoning van 'n onlangse sendingkamp vir tieners wat deur Thai jong volwassenes gereël is. Hulle vertrou die Here hierdie jaar vir nuwe vennote in die bediening. Bid ook asseblief dat die Here op 'n praktiese wyse wonderwerke vir hulle sal doen en sal voorsien in hulle behoeftes terwyl hulle Hom vertrou vir guns by 'n tegniese kollege, vir nuwe skole en genoeg materiaal vir die bediening. (Joseph en Edwina Charles, Posbus 15, Sisatchanalai, Sukhothai 64130, Thailand. E-pos: jecharles2003@yahoo.com).

Dinsdag 19 Februarie 2008
Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die *International House of Prayer* in Kansas City in die VSA onder leiding van Mike Bickle. Vra dat hulle guns sal ontvang by mense met invloed. Bid ook dat hulle internasionale televisie uitsendings 'n groter impak sal maak en dat hulle getrou sal bly aan hulle roeping.
- Vra dat die kerk mense sal help om die krag van God-gesentreerde gebed beter te verstaan. Vra vir gesalfde leraars en predikers om hierdie boodskap na hulle kudde te bring sodat mense weer sal glo en vertrou in die wete dat God gebed beantwoord.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid asseblief vir vertalers en vir voldoende fondse vir die voltooiing van die gebedsmateriaal vir die *10 Dae* van 1-10 Mei, voor die *Wêrelddag van Gebed*. Bid asseblief dat borge dwarsoor die wêreld aangespoor sal word om betrokke te raak in hulle lande, sodat Christene in elke land die geleentheid sal kry om te bid (**2Kor.9:8-9**).
2. Almagtige God (**Op.1:8**) ons bring **Afrika** voor U troon van genade. Rig Uself op as Banier oor die volkere van **Ghana, Gibraltar, Guinee, Guinee-Bissau, Kenia, Lesotho en Liberië.** Maak die mense wat U nie ken nie bymekaar uit hierdie nasies. (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 20 Februarie 2008
Tien Bybelse argumente waarom jy voor God se troon mag staan
Sommige mense voel dat hulle God nie moet "pla" met 'n klomp versoeke nie. Ander voel dat God in beheer van die heelal is en dat dit nie regtig nodig is dat ons bid nie. Nog ander voel dat dit nie reg is om vir God te sê wat Hy moet doen nie. Daar is vandag nog baie ander soortgelyke idees in die harte van Christene. Een rede hiervoor is dat ons nie God se siening oor die onderwerp verstaan nie. Ons is ook onseker oor wat die Bybel hieroor sê. Die volgende is enkele Skrifgedeeltes wat ons sal help om ons posisie, as kinders van God in gebed te verstaan. Op grond van hierdie en ander Skrifte kan ons met vrymoedigheid in gebed na God gaan en Hom vertrou.

1. **Op grond van God se uitnodiging:** *Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word* (**Heb.4:16**).
2. **Op grond van die kruis:** *Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy Sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas* (**Joh.19:30**).
3. **Op grond van Jesus se intersessie vir ons:** *Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn* (**Heb.9:24**).
4. **Op grond van die beloftes:** Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons (**2Kor.1:20**).
5. **Op grond van God se verbond met ons:** *…en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, sê die Here, die Almagtige* (**2Kor.6:18**).
6. **Op grond van die bloed:** *Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereining van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water* (**Heb.10:19-22**).

7. **Op grond van God se eed**: *En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg* (**Heb.6:17**).
8. **Op grond van God se karakter:** *God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?* (**Num.23:19**).
9. **Op grond van ons priesterlike rol**: *Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos en ons Sy koninkryk gemaak,* ***priesters vir God*** *Sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen* (**Op.1:5b-6**).
10. **Op grond van die Naam van Jesus:** *Wat julle ook al in My Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen* (**Joh.14:13-14**).

(Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 21 Februarie 2008
Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
- Bid vir groepe gelowiges om op gereelde basis by gevangenisse te bid. Vra dat 24/7 gebedswagte in elke gevangenis gevestig sal word as gevolg van die volhardende gebed vir die gevangenes. Laat ons bid vir honderde gebedswagte in die 230 gevangenisse in ons land. Daar is reeds verskeie gebedswagte in 'n paar gevangenisse.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid asseblief dat die Here gelowiges sal aanmoedig om betrokke te raak by hierdie inisiatief wat die liggaam van Christus op 'n unieke manier verenig (**2Tess.3:1-3**). Vra dat die Here die personeel van *Transformasie Afrika* sal versterk en beskerm van die bose. Vra ook vir korrekte verslaggewing in die media en dat politieke leiers nie hierdie geleentheid sal teenstaan of misbruik nie.
2. Barmhartige Vader (**Ps.86:15**), ons bring **Afrika** voor U troon van genade. Openbaar Uself aan die mense van **Libië, Madagaskar, Malawi, Mali, Mauritanië, Mauritius en Marokko,** as 'n genadige God, vol liefde en trou. Sien hierdie mense raak en wees hulle genadig (**Ps.86:15-16**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 22 Februarie 2008
Beslaglegging op kokaïen by *OR Tambo Internasionale Lughawe*
Die Johannesburgse polisie het die einde van verlede jaar op die *OR Tambo Internasionale Lughawe,* beslag gelê op ongeveer 10kg kokaïen met 'n straatwaarde van R5 miljoen. Die kokaïen het op 'n vlug uit Suid-Amerika aangekom en is in samewerking met die eenheid van georganiseerde misdaad, deur die polisie se anti-smokkeleenheid opgespoor. Hulle werk onverpoos om onwettige dwelms wat die land inkom te stop en sien hierdie beslaglegging as 'n belangrike deurbraak. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/894302.htm). Slegs 'n paar dae later is beslag gelê op nog 'n klomp dwelms ter waarde van R50 miljoen. Dank die Here vir die antwoord op baie gebede oor dwelmhandel. Hou aan om te bid dat hierdie dwelm-smokkelnetwerke aan die kaak gestel sal word en dat genoeg getuienis gevind sal word om hulle stop te sit.

***Ethne* onbereikte mense projek: Wes- en Sentraal-Afrika**
Wat getalle betref, het Nigerië meer as 45 miljoen mense wat as onbereik bestempel kan word, alhoewel hulle net 34.7% van die totale bevolking van die land is. Die kerk het vinnig gegroei, veral in plekke soos Nigerië,

wat nou ook 'n land is wat sendelinge uitstuur na ander vastelande. Die realiteite van MIV/VIGS en armoede in Afrika oorskadu die toekoms van die hele vasteland. Bid dat die Here gelowiges in hierdie gebied sal versterk om die uitdaging tegemoet te gaan met die goeie nuus en met goeie werke, wat tot transformasie sal lei. Bid dat wonderwerke van genesing en bevryding, selfs vir die mense wat stry teen MIV/VIGS, deure van geloof sal oopmaak onder die meer as 500 mins bereikte mense van Wes- en Sentraal-Afrika. Webruimte: http://www.ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php of e-pos: ethne06@ethne.net).

Saterdag 23 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Vra die Here om voorbidders op te rig wat gereeld sal bid vir dokters en ander mediese personeel wat moeilike en gevaarlike situasies in hulle werk beleef. Bid dat hierdie mediese personeel gebedsgroepe in hulle hospitale, klinieke, ens. sal begin om gereeld te bid vir deurbrake.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid vir die leiers wat aan die hoof is van die *Wêrelddag van Gebed* inisiatief in Suid-Afrika. Vra vir God se beskerming oor hulle huwelike en gesinne. Bid vir guns by mense van verskillende lande sodat elke land in die wêreld betrokke kan raak by die dag van gebed.
2. God, ons bron van hoop (**Rom.15:13**), ons lig **Afrika** op voor U. Openbaar Uself aan die mense van **Mosambiek, Namibië, Niger, Nigerië, Réunion, Rwanda, Sao Tomé en Principe,** as die Een wat hulle met alle vreugde en vrede vervul. Laat hulle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees (**Rom.15:13**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 24 Februarie 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 3: Hy verander die manier waarop jy bedien

Nadat hulle vervul is met die Heilige Gees, het Petrus en Johannes na die tempel gegaan waar 'n bedelaar hulle vir geld gevra het, Hulle het vir hom gesê, *"Kyk na ons."* (**Hand.3:4**) Die krag en die moed van die Heilige Gees het oor hulle gekom as gevolg van God se guns wat op hulle gerus het. Instede daarvan om vir hom geld te gee, het Petrus gesê, *"Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"* (**v.6**). Die kreupel bedelaar het opgespring en regop gestaan, en hy het geloop en gespring en God geprys. Al die mense het gesien wat gebeur het en *"was hulle baie verbaas en verwonder oor wat daar met hom gebeur het"* (**v10**). Wanneer laas het jy so 'n tipe genesing gesien? Hoekom is daar vandag so min mense wat bid dat siekes gesond word, sonder dat strydvrae ontstaan? TOG – God is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie en ons kan Hom vertrou, want dis tog Hy wat genees. Ons moet vry kom van ongeloof, van vrees, vry daarvan om dinge te doen soos wat ons dit nog altyd gedoen het en ook vry daarvan om te dink soos ons nog altyd gedink het. Ons het nodig dat ons harte en gedagtes vernuwe word en ons moet ons geloof in God plaas. Wil jy nie vandag in gebed voor God kom en al jou vrese voor Hom neersit nie – vrees vir die duiwel, vrees vir misleiding, vrees dat niks sal gebeur nie, vrees dat Hy nie jou gebede sal beantwoord nie, ens. Vra Hom om jou te bevry van hierdie dinge en jou op Sy pad te lei.

Vader, U sal my nie 'n klip gee as ek U vir 'n brood vra nie. Vandag vra ek vir bevryding van vrees vir die duiwel en vir die wêreld. Doop my met U Gees en met krag om te bid dat siekes gesond word en om U te vertrou vir die onmoontlike.

Maandag 25 Februarie 2008

HEARTLINES

Die *HEARTLINES* inisiatief beplan nog 'n golf van bewusmaking in die media teen die einde van 2008, om waarde bewustheid in te skerp – TV-films, 60 sekonde advertensies oor waardes, positiewe nuus en meer. Bid dat die kerk voorbereid sal wees om hierdie platform te gebruik om te preek, te leer, om koninkrykswaardes uit te leef en om die *HEARTLINES* netwerk geleenthede en hulpmiddels te gebruik om aksies vir verandering oor die breë-spektrum van gemeenskappe te dryf. Mag gebed en die werk van die Heilige Gees die basis wees van enige gemeenskapstransformasie (**Matt.16:18-19**). Hulle beplan om regoor die land 24/7 gebedswagte te vestig. (*HEARTLINES*. Tel.: 011-484 5254, faks: 011-643 6253, sel: 082 325 8361. Webruimte: www.heartlines.org.za of e-pos: val@heartlines.org.za).

Kinder gebedskonferensie in Colombia

Kids in Ministry International het onlangs 'n opleidings konferensie in Bogotá, Colombia, gehou wat deur 500 mense bygewoon is. Die doel met die konferensie was om mense toe te rus om kinder gebedsgroepe te begin, *Power Clubs,* wat kinders leer om te bid en God se stem te hoor. Nege-en-veertig pastore en jeugwerkers het reeds besluit om soortgelyke groepe te vestig. Bid asseblief dat baie kinders Christus beter sal leer ken deur nuwe klubs wat in hulle stede en dorpe gevestig sal word. Vra vir beskerming van jeugwerkers wat in gevaarlike gebiede werk. (*Children at Risk Prayer News.* Webruimte: www.viva.org of www.facesofchildren.net en e-pos: pray@viva.org of info@facesofchildren.net).

Dinsdag 26 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid dat die gebedsnetwerk in Indonesië ook sal uitbrei na Suidoos-Asië. Vra dat hulle visie vir dag en nag gebed en sending sal verbreed en sal versprei na naburige stede en lande.
- Vra dat groepe gelowiges sal begin bid vir die ekonomie in Suid-Afrika. Bid dat hulle sal volhard in gebed vir God se doelstellings om te heers oor elke aspek rakende die welstand van die ekonomie.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid dat die Here sterk, maar nederige leiers sal oprig in elke land om die verantwoordelikheid te neem om 'n gebedswag te organiseer op 11 Mei 2008. Vra dat hulle guns sal ontvang van die plaaslike owerhede, stads- en dorpsrade, sowel as kerkleiers.
2. Brood van die Lewe (**Joh.6:35**), ons bring **Afrika** voor U in gebed. Openbaar Uself as die enigste Een wat die behoeftes kan bevredig van die mense van **Senegal, Seychelle-eilande, Sierra Leone, Somalië, Suid-Afrika, St. Helena en Soedan.** Gee hulle onverdeelde harte en 'n nuwe gees, verwyder hulle klipharte en gee hulle sagte harte (**Eseg.11:19**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 27 Februarie 2008

Hoe om te bid vir oorwinning oor trots

Almal van ons het nodig om op 'n gereelde basis te bid en vir die Here te vra om elke vorm van hoogmoed in ons lewens vir ons uit te wys. Hoogmoed het Satan die hemel gekos. Deur die eeue heen het hoogmoed miljoene mense uit die hemel gehou. In nog ontelbare miljoene Christene se lewens het dit daartoe gelei dat daar bitter min geestelike vrug in hulle lewens was, want hoogmoed is selfgerig en maak geloof onmoontlik. Hoogmoed word sigbaar in mense se lewens deur selfliefde, selfsug, selfbejammering, 'n soeke na eer, posisie, mag en elke vorm van self-gesentreerdheid.

Skynheiligheid, vormgodsdiens, huigelary en wanneer ons ons sonde wegsteek, se wortels is almal geanker in hoogmoed. Hoogmoed word ook soms (NB: nie altyd nie), gevind in meer verfynde vorme soos 'n soeke na "significance" of waarde, selfwaarde en selfbeeld. Hoogmoed bereik sy toppunt wanneer mense hulleself as "god" begin sien en optree asof hulle "god" is. Hoogmoed dink van homself meer as van ander en sien op ander se vermoëns en waarde neer.

Hoogmoed word gebreek wanneer ons in die *eerste plek* verstaan hoe boos dit is en wat die gevolge daarvan in ons lewens is. In die *tweede plek* word die mag van hoogmoed gebreek wanneer ons doelbewus kies om ons te verneder. Min dinge is so aantreklik vir mense as erkenning: om verhoog te word en voor ander mense geëer te word. Maar dit is moontlik om 'n keuse te maak en nee te sê daarvoor. Ons is soms so deurtrek van hoogmoed, dat as ons nie hulp van buite kry nie, ons nooit die omvang van ons hoogmoed sal verstaan nie. Ten diepste kan net die Heilige Gees vir ons ons hoogmoed wys en is dit net deur die krag van die Heilige Gees wat ons bevryding van hoogmoed kan verkry.

Skrifgedeeltes vir gebed oor hoogmoed in ons lewe

- *U red die verdrukte volk, U verneder die trotses* (**2Sam.22:28**).
- *En (as) My volk oor wie My Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na My wil en terug draai van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel* (**2Kron.7:14**).
- *Maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde* (**2Kron.26:16**).
- *Hy en die inwoners van Jerusalem het egter berou gekry oor die selfingenomenheid, en die toorn van die Here het toe nie in die tyd van Hiskia oor hulle gekom nie* (**2Kron.32:26**).
- *Neus in die lug sê hy: "God vra tog geen rekenskap nie!" In al sy planne is daar geen plek vir God nie* (**Ps.10:4**).
- *Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde* (**Spr.8:13**).
- *Selfverheffing bring vernedering; wie nederig is, het wysheid* (**Spr.11:2**).
- *Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid* (**Spr.13:10**).
- *Om die Here te dien, is om onderrig te word in wysheid; nederigheid kom voor eer* (**Spr.15:33**).
- *Op selfverheffing volg ineenstorting, op nederigheid eer* (**Spr.18:12**).
- *Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe* (**Spr.22:4**).

(Vervolg op 5 Maart. Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 28 Februarie 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
- Bid dat die leiers in elke gemeente meer bewus sal word van die dringendheid van dag en nag gebed. Vra vir 'n deurbraak in die harte van die leiers om persoonlik deel te word van dag en nag gebed en dat hulle dit in hulle gemeentes sal bevorder.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Hou aan om te bid vir deurbrake in geslote lande sodat gelowiges dwarsoor die wêreld kan deelneem aan die *Wêrelddag van Gebed*. Bid dat die leiers en koördineerders guns sal ontvang by plaaslike owerhede, regerings, radio en televisie stasies. Bid vir eenheid en versoening tussen leiers in elke voorstad, stad, dorp, ens. in elke land en vasteland.
2. *Regter oor lewendes en dooies* (**Hand.10:42**), ons bring **Afrika** voor U troon. Laat die evangelie verkondig word aan die mense van **Algerië, Angola, Benin, Botswana, die Britse Indiese Oseaan-gebied, Burkina Faso en Burundi**. Mag hulle oop en ontvanklik wees om Christus te ontvang, in Hom te glo en vergiffenis vir hulle sonde ontvang deur Sy Naam (**Hand.10:42-44**). (*Transformasie Afrika*, webruimte:

www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 29 Februarie 2008

Jong kinders pleeg seksmisdade

Insidente van seksuele misdade deur kinders aan ander kinders is besig om te styg, maar baie van die skuldiges weet nie eers wat hulle doen nie of dat dit verkeerd is nie. Volgens *Childline* word 43% van seksmisdade teen kinders gepleeg deur kinders onder 18 jaar. 'n Groot probleem is gebrek aan beheer deur ouers. Kinders kyk te veel TV en dit beïnvloed hulle gedrag. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20071011043201769C202946&newslett=1&em=177813a1a20071011ah). Laat ons aanhou bid dat ouers meer bewus en versigtiger sal wees oor wat hulle kinders doen, waarna hulle kyk en waarby hulle betrokke is. Roep die Here aan vir hierdie jong lewens wat verwoes is deur seksuele ontreiniging.

Myanmar kinders word aan weermag verkoop

Volgens 'n *Menseregte Verslag* word kinders so jonk soos 10 jaar met geweld vir die Myanmar weermag gewerf, gekoop en verkoop deur militêre werwers. Die *junta,* wat baie soldate het wat dros en geen vrywilligers kry nie, maak hierdie praktyke moontlik met militêre werwers en burgerlikes wat geld en ander aansporing ontvang vir elke nuwe rekruut. Werwers, desperaat om kwotas te haal wat deur hulle seniors gestel is, teiken kinders by treinstasies en bushaltes, markte en ander openbare plekke en dreig hulle as hulle weier om aan te sluit. (Webruimte:http://www.news24.com/News24/World/News/0,2-10-1462_2211933,00.html).

Saterdag 1 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Vra dat Christene 'n toenemende begeerte sal hê om meer tyd in gebed deur te bring, nie net intersessie nie, maar ook in eenvoudige aanbidding en verering van God. Bid spesifiek vir die vervolgde Christene, dat hulle sal staande bly en elke dag 'n persoonlike ontmoeting met die Here sal hê.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Die meeste lande in Asië sukkel om enige Christelike geleentheid te organiseer. Bid asseblief vir elkeen wat begeer om vanjaar 'n gebedsbyeenkoms te reël vir die *Wêrelddag van Gebed,* dat die Here hulle sal versterk, hulle aktiwiteite sal wegsteek vir die teenstanders en baie mense se harte sal aanraak om ook langtermyn betrokke te raak.
2. Here ons Skepper (**Ps.95:6**), ons bring **Asië** in gebed voor U aangesien dit die enigste vasteland is waar die Christendom nie die grootste godsdiens is nie en daarom steeds die grootste uitdaging is vir wêreld evangelisasie. Sal U asseblief U Gees uitstort oor Asië sodat hulle sal kom buig in aanbidding en slegs voor U, hulle Here en Skepper sal kniel. Wees hulle God en laat hulle U kudde wees, wat deur U versorg word. Laat hulle U stem hoor en laat hulle nie hulle harte verhard nie (**Ps.95:6-8**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 2 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 4: Hy sal jou met moed vervul

Die gedrag van Petrus en Johannes het drasties verander sedert die uitstorting van die Heilige Gees. In stede daarvan om bang te wees vir die Jode, het hulle die evangelieboodskap met vrymoedigheid en dapperheid verkondig. Toe die mense die vrymoedigheid van Petrus en Johannes gesien het en besef het dat hulle maar ongeletterde en eenvoudige mense was, was hulle verbaas. Hulle het ook besef dat hulle volgelinge van Jesus was (**Hand.4:13**). Gemeenskap met die Heilige Gees gee jou moed om voor God te kom, moed om

voor mense te staan en moed om die duiwel en sy werke te weerstaan. Wanneer ons besef dat die persoon van die Heilige Gees 'n werklikheid in ons lewe is, verander alles wat ons doen. Ons het nie baie lering nodig nie, baie opvoeding, baie geld, baie geleenthede of enigiets wat hierdie wêreld bied nie. Wanneer Hy kom, lyk al die ander dinge baie onbelangrik en is dit baie maklik om dit te laat gaan. Ons het eintlik net Hom nodig! Het jy al tye beleef wat jy vol moed was oor God se teenwoordigheid in jou lewe? Verlang jy dat Sy teenwoordigheid in jou lewe sal toeneem? Vra Hom vandag om jou deur Sy Gees te vervul met moed, sodat mense ook sal besef dat jy by Jesus was (**Hand.4:13**).

Vader, vul my met die krag en moed van U Heilige Gees, sodat ek die boodskap van U liefde met vrymoedigheid kan verkondig.

Maandag 3 Maart 2008

Hope for Africa

Hope for Africa se bestaansdoel is om inisiatiewe te begin en te ondersteun om plaaslike gemeentes in Afrika met 'n Bybelse wêreldbeskouing toe te rus en wat gemeentes toerus om prakties hulle Christenskap op elke vlak van die samelewing uit te leef. Bid asseblief vir hulle vir guns vir die werk wat hulle doen sodat baie gemeentes betrokke sal raak en hande sal vat om mekaar te help. (*Hope for Africa,* Posbus 9463, Centurion, 0046. Kontak Hein van Wyk by Tel.: 012-665 0343, faks: 012-665 0381, sel: 082 349 8465. Webruimtes: www.ehcaa.org.za en www.samaritan-strategy-africa.org of e-pos: hein@ehcaa.co.za).

Waterfiltreerder kan lewens red

'n Besigheidsman het, nadat hy verskeie natuurrampe beleef het, 'n bottel ontwerp wat ondrinkbare water in sekondes kan reinig. Dit kan 4 000-6 000 liter filtreer sonder om die filter te vervang. Hierdie suksesvolle metode van ultra-filtrering deur gebruik te maak van spesiaal vervaardigde waterbottels, het sedertdien gewild geraak by die militêre magte. (Webruimte: http://www.lifesaversystems.com/ of e-pos: info@lifesaversystems.com). Dank die Here vir sulke uitvindings. Vra dat dit ook beskikbaar sal word, teen 'n redelike prys aan mense wat siektes kry as gevolg van hulle drinkwater.

Dinsdag 4 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die *24/7 Gebedsbeweging* onder die jeug in Engeland onder leiding van Pete Greig. Vra dat die Here hulle guns en genade sal gee - veral by jongmense van Engeland en die naburige Europese lande, sodat baie meer God sal aanroep.
- Bid dat God geloof, om Hom te vertrou, in gelowiges se harte sal aanblaas.
- Bid dat Christene nie vir hulleself jammer sal wees nie, maar God in geloof sal vasgryp sodat baie ongelowiges gered sal word.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. *God TV* en *Wêrelddag van Gebed* het hande gevat en sal 'n internasionale uitsending van die *Wêrelddag van Gebed* tot 2010, aanbied. Prys die Here vir hierdie vennootskap! Bid asseblief vir die finale voorbereidings en reëlings vir hierdie uitsending om plaas te vind. Vra vir die vrystelling van die nodige fondse om dit moontlik te maak. Bid ook vir genade vir die tegniese spanne wat dit moet laat gebeur en dat talle TV en radiostasies gewillig sal wees om hierdie dag van gebed uit te saai. Vra ook vir deurlopende uitsendings op die Internet (**Ps.50:1**).
2. Goeie en Enigste Heerser (**1Tim.6:15**) ons bring **Asië** voor U in gebed. Openbaar U Seun as die Een wat die ewebeeld van U wese is. Gee dat die mense van **Afghanistan, Armenië, Bahrein, Bangladesj, Bhoetan en Broenei** Jesus sal sien as die volmaakte verteenwoordiging van U wese en die onderhouer, wat alle dinge deur Sy magswoord in stand hou. Mag hulle Hom leer ken as die Een wat die reiniging van hulle sonde bewerkstellig het (**Heb.1:3**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).